AEQUAM SERVARE MENTEM

**SASTRI KOLLEGE**
**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**JUNIE-EKSAMEN 2018**
**GRAAD 8**
**VRAESTEL 1**

**EKSAMINATRISE : P. GOVENDER** **PUNTE: 50**

**MODERATRISE : A.B. MULLAH** **TYDSDUUR: 1 UUR**

****************************************************************************************************

Hierdie vraestel bestaan uit <u>**6**</u> bladsye.

**<u>INSTRUKSIES AAN KANDIDATE</u>**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **<u>TWEE AFDELINGS</u>** :

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A :** | **Begripstoets** | **(VRAAG 1)** | **- 20** |
| **AFDELING B :** | **Taal** | **(VRAAG 4)** | **- 30** |

2. Beantwoord **<u>al die vrae.</u>**
3. Voer die instruksies wat aan die begin van elke afdeling gegee word, noukeurig uit.
4. Nommer jou antwoorde soos die vrae in die vraestel genommer is.
5. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
6. Dink voor jy skryf.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Beplan jou tyd.

AFDELING A
VRAAG 1 : LEESBEGRIP

Lees die onderstaande stuk noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Lisa en Bennie se liefde vir musiek**



Lisa en Bennie is van kleins af vriende. Hulle kom goed klaar. Albei is ewe lief vir musiek. Toe Bennie begin saksofoon bespeel, het Lisa hom aangemoedig. As Bennie soms voel hy maak nie vordering nie en dat hy nooit die saksofoon sal baasraak nie, het Lisa hom aangemoedig: "Jy moenie moed verloor nie, Bennie. Onthou wat mnr. Cooper altyd sê:
"As 'n mens 'n droom het, is dit die moeite werd om hard daaraan te werk."

Bennie het hard gewerk. Elke aand gaan hy na oom Dawid se huis vir lesse. In die begin het Lisa saamgegaan, maar later het sy tuis gebly. Sy het al minder van Bennie gesien, maar gehoop dat as hy eers goed kan speel, hulle weer soos vroeër meer tyd vir mekaar sou hê.

Lisa se droom is om eendag 'n goeie danseres te wees. Sy het 'n goeie oor vir musiek en 'n gevoel vir ritme en daarby is sy soepel en lugvoetig. Terwyl Bennie saans by oom Dawid oefen, neem sy danslesse by die Elite Dansskool. Daar leer sy baldans. Lisa het vinnig geleer en gou-gou een van die Elite Dansskool se beste danseresse geword.

**VRAE**

1.1.Wie was vriende van kleins af? (1)

1.2. Watter instrument het Bennie bespeel? (1)

1.3. Wie het Bennie aangemoedig om die saksofoon te bespeel? (1)

1.4. Wat het Meneer Cooper altyd gesê? (1)

1.5. Waar het Bennie sy lesse gehad ? (1)

1.6. Wat was lisa se droom? (1)

1.7. Waar het Lisa haar danslesse geneem? (1)

1.8. Watter soorte dans het Lisa geleer? (1)

1.9. Gee **twee** woorde om Lisa se dans bewegings te beskryf. (2)

1.10. Wat noem ons die skool waar 'n mens dans leer? (1)

1.11. Gee **een woord** uit die stuk wat sê dat Lisa baie goed was. (1)

1.12. Gee **een woord** vir "elke aand". (1)

1.13. Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord.

1.13.1. Lisa speel die saksofoon. (2)

1.13.2. Lisa was 'n hopelose danseres. (2)

1.13.3. Bennie en Lisa hou baie van musiek. (2)

1.14. Haal 'n sinoniem aan vir "gou-gou". (1)

**[20]**

**AFDELING A : 20**

AFDELING B : KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 3
Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord dan die vrae wat volg.




**3.1. Kies elke keer slegs EEN WOORD van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraag nommer en die antwoord neer.**

Dit is Maandagmôre en Billy **3.1.1. (sê / se)** ma sit in die **3.1.2. (kombuis / slaapkamer)** nadat sy **3.1.3. (middagete/ontbyt)** voorberei het. Sy is smoorkwaad vir Billy omdat hy altyd haastig is. Billy dra 'n **3.1.4. (baadjie/sak)** omdat dit baie koud is. Billy hou **3.1.5. (hy/sy)** toebroodjies in een hand vas. Onder sy **3.1.6. (regterhand/linkerhand)** hou hy 'n boek vas. Billy jaag bushalte toe om die bus te **3.1.7. (haal/neem)** want skool begin om **3.1.8. (agt uur/agtuur).**

**(8)**

VRAAG 4
Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord dan die vrae wat volg.



4.1. (Skryf die volgende sin oor in die **Verlede Tyd**)
Die kinders gaan in die kleedkamer. (1)

4.2. (Skryf die volgende sin oor in die **Toekomende Tyd**)
Die gesin ontspan by die swembad. (1)

4.3. (Skryf die volgende sin oor in die **Ontkennende Vorm**)
Die bal is êrens in die water. (1)

4.4. (Begin met die **onderstreepte woord**)
Hulle sal **<u>môre</u>** doodmoeg wees. (1)

4.5. (Skryf in die **Lydende Vorm**)
Almal eet middagete. (1)

4.6. (Skryf die sin oor in die korrekte **Woordorde – Tyd, Wyse, Plek**)
Tom oefen (baie hard; elke dag; by die swembad). (1)

**4.7. <u>Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.</u>**

4.7.1. Ek is baie bly. Dit is nou vakansie. (want) (1)

4.7.2. Die meisie oefen daagliks. Sy is die beste swemmer. (daarom) (1)

**4.8. Kies die korrekte antwoord. Skryf elke keer net die nommer en die antwoord neer.**

4.8.1. Eerste pouse is (tien-uur/tienuur) in die oggend. (1)
4.8.2. Sodra hulle by die swembad opgedaag het, het hulle (onmiddelik/onmiddellik) in die water gespring. (1)

**4.9. Vul in die korrekte Voorsetsel. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

4.9.1. Klein Johan steek sy hande _________ die lug. (1)
4.9.2. Die klein seun sit _______sy pa se skouers. (1)

**4.10. Gee die intensiewe vorm vir die woorde tussen hakies.**

4.10.1. Die kinders is (baie gelukkig) om die Sondagmiddag by die swembad deur te bring. (1)
4.10.2. Die man is (baie kwaad) want sy seun rook. (1)

**4.11. Skryf die Afkortings tussen hakies voluit neer.**

4.11.1. Mag ek na die swembad gaan (asb.)? (1)
4.11.2. Op (bl.) tien is daar 'n artkel oor dolfyne. (1)

Blaai om Bl.7

**4.12. Skryf die Meervoud van die woorde tussen hakies.**

4.12.1. Tom en sy twee vriende het die ander (kind) geterg. (1)
4.12.2. Daar is baie (vrug) in die mandjie. (1)

**4.13. Gee die Verkleinwoord van die woorde tussen hakies.**

4.13.1. Die klein (seun) is baie bly om in die water te speel. (1)
4.13.2. Sy lees uit die klein (boek). (1)

**4.14. Gee telkens die korrekte geslag. Skryf net die nommer en antwoord neer.**

4.14.1. My ma se suster is my _______________. (1)
4.14.2. My broer se seun is my _________________. (1)
**(22)**

AFDELING B : 30

************************************************************************************

GROOTTOTAAL : 60

**ALLES VAN DIE BESTE!**